

ARGELOGIE-SKOOLPROJEK 1986

Gedurende die week van 24-28 Maart 1986 het 'n groep skoolseuns (standerd 6-10) van Bloemfontein en die Goudveld aan 'n argeologiese opgrawing naby Ventersburg deelgeneem. Die projek is deur die Departement Argeologie van die Nasionale Museum deur Cobus Dreyer en Karin Coetsee aangebied. Die doel was om argeologie as vak en beroep bekend te stel en om te wys wat by die Museum agter die skerms gebeur. Die seuns het deelgeneem aan die opgrawing en het self die grond gesif en die fondste gesorteer en verpak. Daar is veral klem gelê op die belangrikheid van argeologiese terreine en die bewaring daarvan. Die seuns is in spanne verdeel en het ook gehelp met kampverpligtinge soos die voorbereiding van kos. Die projek was baie geslaagd en kan moontlik in die toekoms herhaal word.



Die seuns het baie gou agter gekom dat 'n argeologiese opgrawing geen kinderspeletjies is nie. Tog bly dit interessant in die verwagting dat iets besonder enige oomblik kan opduik. Abri Oosthuizen, Albrecht Repsold en Gerhard Breed hard aan die werk.



Onder die waaksame oog van Klaas Mphafi, sorteer Graham Walter, Eben Kotzé en Gregory Karpakis die gesifte materiaal.

Die volgende seuns het die ekskursie meegemaak:

Gregory Karpakis — Romeostraat 109, St. Helena, Welkom; Henk Jordaan — Woodlands, Bloemfontein; Stéphan Durand — Hoër Landbouskool, Kroonstad; Abri Oosthuizen — Angoraweg 33, Virginia; Willie Howard — Hoewe 27, Barrysdale, Bainsvlei, Bloemfontein; Albrecht Repsold — Westpallstraat 18, Universitas, Bloemfontein; Eben Kotzé — Clarensstraat 28, Bayswater, Bloemfontein; Graham Walter — Werdasingel 37, Uitsig, Bloemfontein; Gerhard Breed — Petersingel 11, Waverley, Bloemfontein.



Aandete die hoogtepunt van die dag se verrigtinge. Karin Coetsee deel kos uit aan Gerhard Dreyer, Gerhard Breed, Graham Walker, Willie Howard (verskans), Abri Oosthuizen en Harry Wessels.



Die siwwery was 'n stowwerige en uitputtende taak. Gregory Karpakis en Henk Jordaan het besluit om dit sit-sit te doen.